


Ons kom almal wysheid kort. Vir vandag. En môre. Vir klein situasies. Vir korttermynbesluite. Vir die langpad.

'n Ma staan met haar vars babatjie op haar voordeurdrumpel. Sy wonder: Hoe gaan ek hierdie kindjie grootkry?

'n Tiener moet 'n beroepskeuse maak. 'n Jong man is onseker oor die keuse van 'n lewensmaat.

Ons word gekonfronteer met onreg by die werk, teenoor ons kinders of in die breë gemeenskap.

Ons smag almal na wysheid Maar hoe bekom ons dit? Hoe kry ons dit reg om met wysheid te leef?

Daar is geen towerformule om wysheid te bekom nie. Ons pluk nie wyse antwoorde soos 'n haas uit 'n hoed nie. Wysheid is nie een oomblik se helder insig nie. Om met wysheid te kan leef verg selfdissipline. Dit vra 'n leeftyd se dag-tot-dat-toewyding en soeke. Dit vra dat ons met ons oor op die grond sal leef, in afwagting op God se stem wat ons leer hoe ware wysheid - die soort wat van Hom kom - te verkry.

Klankopname vanaf Radio Kaapse Kansel

Video van Zoom Onderhoud met Marinda

Lux Verbi audio-insetsel